**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**MUSIEK HG**
**(Tweede Vraestel: Musiekgeskiedenis en Vorm)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 100**

---

**INSTRUKSIES:**

- Vraag 1 is VERPLIGTEND.
- Beantwoord enige TWEE vrae uit Vrae 2, 3 en 4.
- Antwoorde moet duidelik en korrek genommer wees.
- Skryf netjies en in ink.

---

**VRAAG 1**
**VERPLIGTEND**

Bestudeer die partituur van Bizet se Prelude tot *Carmen* (bladsy 3), en beantwoord die volgende vrae:

1.1 Hierdie werk is in rondovorm. Identifiseer die seksies deur maatnommers te gebruik. (bv. A = mate 1-10). (3)

1.2 Identifiseer die toonsoort van seksie A, seksie B en seksie C. (3)

1.3 Hoekom kan mate 31-34 as 'n skakel beskou word? (2)

1.4 Hoekom kan mate 51-54 as 'n inleiding tot maat 55 beskou word? (2)

1.5 Deur maatnommers te gebruik, dui EEN voorbeeld van herhaling in seksie B en EEN voorbeeld van sekwens in seksie C aan.

(bv. patroon: maat 1 en herhaling: maat 2) (2)

1.6 Hoeveel keer kom die hoofmotief in seksie A voor? (2)

1.7 In watter mate kom deel van 'n chromatiese toonleer voor? (2)

1.8 Hoe word kontras in seksie B verkry? (3)

1.9 Hoe word kontras BINNE seksie C verkry? (1)




**[20]**

**BEANTWOORD ENIGE TWEE VRAE UIT VRAE 2, 3 EN 4.**

## VRAAG 2
## OPERA

2.1 Teken die onderstaande tabel in jou antwoordboek oor en voorsien die ontbrekende inligting van enige AGT van (a) – (l). (8)

| STEMTIPE | STEMBESKRYWING | OPERAKARAKTER |
|---|---|---|
| Koloratuursopraan | (a) | (b) |
| Dramatiese sopraan | (c) | (d) |
| Mezzo-sopraan | (e) | (f) |
| Liriese tenoor | (g) | (h) |
| Heldentenoor | (i) | (j) |
| Bas | (k) | (l) |

2.2 Skryf kort aantekeninge oor Verdi se musiek. (10)

2.3 Gee EEN ooreenkoms en TWEE verskille tussen opera *buffa* en *singspiel* **en** gee 'n voorbeeld van EEN opera in elke geval. (7)

2.4 Skryf kort aantekeninge oor Wagner se *Gesamtkunstwerk*. (5)

2.5 Pas die inligting in **Kolom A** by die korrekte inligting in **Kolom B** (bv. 2.5.11 = K). (10)

| | KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|---|
| 2.5.1 | Verwerp polifonie | A | Gluck |
| 2.5.2 | Die musiek dien die poësie ter wille van die uitbeelding van die komplot | B | *Der Ring des Nibelungen* |
| 2.5.3 | Werke gee balans, terughouding en volmaakte verhoudings weer | C | Romantiese Duitse opera |
| 2.5.4 | *Don Giovanni* | D | Leitmotief deur orkes gespeel |
| 2.5.5 | Komplot gebaseer op Middeleeuse geskiedenis, legendes of sprokiesverhale | E | Leitmotief deur Siegmund gesing |
| 2.5.6 | Noorse mitologie | F | Babiloniese gevangeneskap van die Jode |
| 2.5.7 | *Volsung*-leitmotief | G | Camerata |
| 2.5.8 | *Notung*-leitmotief | H | Verdi se operas |
| 2.5.9 | Geloofwaardige karakters | I | *Drama giocoso* |
| 2.5.10 | *Nabucco* | J | Mozart |

**[40]**

## VRAAG 3
## SIMFONIE

3.1 Skryf 'n paragraaf oor hoe die Klassieke simfonie uit die Barok-opera en die Baroksuite ontwikkel het. (6)

3.2 Hoe word variasie in die tweede beweging van Haydn se *Simfonie No. 94 in G majeur* verkry? (4)

3.3 Skryf kort aantekeninge oor Beethoven se SIMFONIEË. (12)

3.4 Skryf 'n paragraaf oor Berlioz se manipulasie van die *idée fixe* in *Symphonie Fantastique*. (5)

3.5 Vergelyk die programsimfonie en die simfoniese toondig met mekaar **en** gee EEN voorbeeld van elk. (5)

3.6 Pas die inligting in **Kolom A** by die korrekte inligting in **Kolom B** (bv. 3.6.9 = K). (8)

| | **KOLOM A** | | **KOLOM B** |
|---|---|---|---|
| 3.6.1 | Dramatiese simfonie | A | Gebaseer op die werke van Goethe |
| 3.6.2 | *Faust*-simfonie | B | Stravinsky |
| 3.6.3 | Serialisme | C | Simfoniese toondig |
| 3.6.4 | Ontwikkel eerder uit die konsertouverture as uit die programsimfonie | D | F.J. Haydn en R. Strauss |
| 3.6.5 | Tematiese transformasie of metamorfose | E | Berlioz |
| 3.6.6 | *Pizzicato*-strykers suggereer doodsrukke | F | Neoklassisisme |
| 3.6.7 | Komiese effekte in simfoniese skryfstyl | G | *Till Eulenspiegels lustige Streiche* |
| 3.6.8 | Reaksie teen Romantisme / Romantiek en Impressionisme | H | Liszt |

**[40]**

## VRAAG 4
## KAMERMUSIEK

4.1 Skryf kort aantekeninge oor Haydn se bydrae tot die strykkwartet. (8)

4.2 Die onderstaande tabel verteenwoordig die sonate-siklus van 'n tipiese Klassieke strykkwartet. Voorsien die antwoorde vir (a) – (h). (8)

| BEWEGING | TOONAARD | TEMPO | VORM |
|---|---|---|---|
| **Eerste beweging:** | C Majeur | Vinnig | Sonatevorm |
| **Tweede beweging:** | (a) | Stadig | (b) |
| **Derde beweging:** | (c) | (d) | (e) |
| **Vierde beweging:** | (f) | (g) | (h) |

4.3 Skryf 'n paragraaf oor Beethoven se stylkenmerke soos dit in sy *Strykkwartet in F Majeur*, *Op 18, No. 1* gevind word. (5)

4.4 Hoe word variasie in die vierde beweging van Schubert se *Klavierkwintet in A majeur* verkry? (5)

4.5 Noem VIER komponiste wat 'n invloed op Bartók se musiekstyl gehad het. (4)

4.6 Skryf kort aantekeninge oor die verskillende stryktegnieke wat in die tweede beweging van Bartók se *Musiek vir Strykers, Perkussie en Celesta* voorkom. (4)

4.7 Pas die inligting in **Kolom A** by die korrekte inligting in **Kolom B** (bv. 4.7.7 = G). (6)

| | KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|---|
| 4.7.1 | Onreëlmatige onderverdelings van polsslae; poliritmes en polimetrums | A | *Forelle* Kwintet |
| 4.7.2 | In opdrag van amateur tjellis in 1819 geskryf | B | Haydn se *Strykkwartet in C majeur*, Op 76, No. 3 |
| 4.7.3 | Hy gebruik die strykkwartet vir die uitdrukking van sy diepste en mees komplekse musikale idees | C | Haydn |
| 4.7.4 | Die eerste tema bevat 'n twee-noot-motief en vyf-noot-motief | D | Bartók |
| 4.7.5 | Hy het die laer stempartye ontwikkel en hulle daardeur onafhankliker en interessanter gemaak | E | Gebruik dieselfde tema in die *Impromptu Op. 142* vir klavier deur Schubert |
| 4.7.6 | *Strykkwartet in A mineur* (1842) | F | Beethoven |

**[40]**

**TOTAAL: 100**

**EINDE**